# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | Desember 2021

# 'N GROOT "DANKIE" VAN ONS!

Die Amerikaanse skrywer Hillary Depiano het gesê dat 'n mens maar opgewonde mag wees oor die toekoms – die verlede sal nie omgee nie.

Met hierdie woorde gaan ons die toekoms in, want die verlede behoort inderdaad tot die verlede.

Ons bedank graag ons vennote en vriende en almal met wie ons kon hande vat die afgelope jaar. Sonder julle sal geen van ons suksesse moontlik wees nie.

Ook aan al die deelnemers en ondersteuners van ons projekte – julle laat die magiese gebeur, en sonder julle kan ons nie 'n verskil maak nie.

Die laaste twee jaar was beslis uitdagend. Maar met vriende en vennote soos julle, sien ons kans vir baie. Van die ATKV se kant af, onderneem ons om aan te hou om geleenthede te skep waar julle in julself kan belê (kyk hier na ons bewusmakingsvideo).

Ons sal ook aanhou om die weg vir julle te baan om 'n verskil in jul gemeenskappe te maak.

Hiermee wens ons elkeen wat op 'n manier deel vorm van die ATKV-gemeenskap, 'n geseënde feestyd toe. Wees veilig en rus lekker. Want volgende jaar doen ons dit weer!

Hiermee die laaste Nuusgenoot vir 2021. Geniet dit!




## Onnies, kikker jou klaskamer op!

Die ATKV se nuutste reeks plakkate gaan nie net belangrike begrippe by leerders tuisbring nie, maar ook jou klaskamer nog mooier laat lyk. Vir elke pakket wat jy aankoop, kry jy 'n digitale idiomepakket bestaande uit 10 plakkate GRATIS. Jy kan dit dan self laat druk. Die reeks bestaan uit Woordsoorte en Boelies.

Kontak vir Mercia Eksteen by MerciaE@atkv.org.za om jou plakkate te bestel!

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en/of sosialemediaplatforms.



Belê in jouself! | Belê in jou toekoms! | #weesdieverskil

ATKV

# ATKV-tak Comienzo help boere in nood




Boere in die Boesmanland, soos ook elders in die land, gaan tans gebuk onder 'n sewe jaar lange droogte.

Volgens baie is dit die ergste droogte in dekades, en die uitwerking daarvan op boere is enorm.

Sommige boere kan nie eers die mees basiese dinge, soos toiletware, bekostig nie

Boonop moet hulle daagliks toekyk hoe hul vee van die honger en dors vrek.

Die ATKV-tak Comienzo het besluit om boere in die Willowmore-streek by te staan in hulle tyd van nood.

"Daar is 'n groot nood onder die boere. Party plase het nege jaar laas reën gehad," sê Abrie Erasmus, takvoorsitter.

Die tak het kragte saamgesnoer met maatskappye soos SA City Link en Eskort om droogtehulp aan die boere te verskaf.

"Daar is veevoer geskenk, en die boere kan nou weer hulle vee vir 'n paar dae voer."

Kospakkies en pakkies met toiletware en ander basiese benodigdhede is ook onder die boere en hulle werkers uitgedeel. Altesaam 250 kartondose vol produkte is hiervoor ingesamel.

Abrie sê dit is vir hom wonderlik om te sien hoe 'n gemeenskap kan saamstaan om hulle medemens te help. "'n Oom het my gekontak om dankie te sê vir die tandepasta wat ons vir hom gegee het.

Mens besef nie hoe groot die behoefte werklik is nie, selfs aan iets so eenvoudig soos tandepasta.

Lees HIER meer.

# VVA PAK ONGELETTERDHEID TROMMEL VIR TROMMEL AAN



Om 'n boek oop te slaan en te verstaan wat die woorde vir jou sê, is vir baie kinders maar 'n droom. Volgens die PIRLS- (Progress in International Literacy Study) verslag van 2016 kan 78% van Suid-Afrikaanse graad 4-leerders nie met begrip lees nie. 'n Derde van alle ouers vertel nooit vir hul kinders stories nie en nog 50% het nog nooit vir hul kinders voorgelees nie. As jy dink dat lees die boustene vir alle leer is, dui dié syfers op 'n leeskrisis. Die Vriende van Afrikaans ('n afdeling van die ATKV) se boektrommelprojek is 'n lig in die donker vir baie wat nie toegang tot boeke het nie. Die idee van die boektrommel het gekom vanaf die VVA se vorige bestuurder, Amanda de Stadler, wat die eerste boektrommel in samewerking met Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in 2004 in die Paarl aan 'n paar skole oorhandig het. Chareldine van der Merwe, projekbestuurder van die VVA sê lees is nie 'n luuksheid nie, maar 'n noodsaaklikheid. Volgens haar kan baie skole en mense nie boeke bekostig nie.

Klik hier vir die volledige storie.




## Herman Bailey vereer as brugbouer

Wyle Herman Bailey was van 1995 tot 2000 burgemeester van Wellington en daarna die uitvoerende burgemeester van die Drakenstein Munisipaliteit van 2002 tot 2006

In hierdie hoedanighede, en ook as ATKV-direksielid vir 18 jaar lank, was hy sinoniem met nasiebou en die ontwikkeling van sy gemeenskappe.

Maar op 23 Julie vanjaar het landsburgers met leedwese gehoor van die afsterwe van hierdie fenomenale man.

Die ATKV het op 5 November 2021 vir Herman postuum vereer met 'n oorkonde vir sy groot bydrae wat hy gelewer het tot die verwesenliking van die ATKV se visie.

As voorstaander van die Afrikaanse taal het hy saam met die ATKV gestreef om die Afrikaanse taal, kultuur, kennis en kreatiwiteit onmisbaar en aktief deel van nasiebou, versoening en 'n suksesvolle Suid-Afrika te maak.

Volgens John Bailey, Herman se seun, is hulle baie dankbaar vir die erkenning wat hulle pa selfs ná sy dood ontvang.

"Dit is wonderlik om te sien dat my pa steeds 'n groot invloed op mense se lewens het. Hy was 'n brugbouer. Een van sy groot passies was die gemeenskap. Hy wou vir almal gelyke geleenthede bied en die gemeenskap ophef."

John sê sy pa het 'n groot liefde vir Afrikaans gehad.

Lees meer HIER.